durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

Bergsig Boodskap

14-31 Julie 2024

21 Julie 2024

9:00 **@9 Diens (Ouditorium)**
Ds. Christo Klopper
Glow Kidz (Saal)
Marinette Kilpert

18:00 **@6 Diens**
Ds. Mizelle Prinsloo

Deuroffer: Magdalenahuis

28 Julie 2024, Getuienisweek Geloofsgelofte-Offers (GGO)

09:00 **@9 Diens (Ouditorium)**
Ds. Leon Tait
Glow Kidz (Saal)
Marinette Kilpert

18:00 **@6 Diens**
Ds. Mizelle Prinsloo

Deuroffer: Jan Kriel Instituut

4 Augustus 2024, Uitreikfokus Gemeentevraelys Terugvoer

09:00 **@9 Diens (Ouditorium)**
Ds. Leon Tait
Glow Kidz (Saal)
Marinette Kilpert

18:00 **@6 Diens**
Dian Keyter

Deuroffer: Loekie van Wyk Tegniese Skool

11 Augustus 2024, DOOP, Uitreikfokus

09:00 **@9 Diens (Ouditorium)**
Prop. Nelda Rousseau
Glow Kidz (Saal)
Marinette Kilpert

18:00 **Interskole Diens**
Sontraal Gemeente

Deuroffer: Vrouebegeleiding

GEBEURE OORSIG:

22 Jul: Kerkraadsvergadering
23 Jul: Doopkategese
26 Jul: GlowKidz Rave
28 Jul: Geloofsgelofte-Offer loodsing
28 Jul - 3 Aug: Getuienisweek
31 Jul: Ds. Eric Swanepoel 9:30 & 19:00 Getuienisweek preek
1 Aug: 18:40 - 20:00 Besoek MES
3 Aug: 10:00 - 13:00 Besoek House of Grace
19 Aug: Kerkaadsvergadering (Leierskapverkiesing)

Geloofsgelofte-Offers (GGO)

GGO se ontstaan kom vanuit Jesus se laaste opdrag in Matt 28:19 “Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels” en daarmee saam Matt 25:35 “want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was ‘n vreemdeling, en julle het My gehuisves;” Dit is God se hart vir ‘n verlore Wêreld, en ook ons gemeente se Missie wat sê dat ons Sy ligdraers is wat: In liefde omsien na die welsyn van ons naaste, en Volhard in die uitdra van die Evangelie van Hoop.

Bergsig maak gebruik van die Geloofsgelofte-offermetode om finansiële ondersteuning vir die uitreik-vennootskape

vervolg op bl.2

“Want hulle is op reis om Christus te verkondig. Dit is ons plig om sulke mense te onderhou. Sodat ons daardeur ons deel kan bydra tot die verspreiding van die waarheid.”

3 Johannes v7&v8

Vanuit die Uitreikkantoor ...

Vervolg van bl. 2

van die gemeente te verkry. Donateurs verbind hulle jaarliks met die loodsing van die GGO-projek.

Donateurs beloof aan God, in geloof, 'n ekstra bedrag, bo en behalwe die maandelikse dankoffer aan die gemeente. Hulle VERTROU God dus vir die ekstra voorsiening om die bydrae te kan maak. God sien ons harte en die gesindheid waarmee ons hierdie belofte maak.

Geen bydrae is te klein om 'n verskil te maak nie en die feit dat hierdie projek al 27 jaar bestaan is 'n bewys van God se seën op die gemeente se uitreikbediening.

Bid asseblief saam met ons vir hierdie projek. Vra God hoe en waar jy kan deel word van GGO, en maak 'n verskil.

Bergsig GGO-donateurs word vriendelik herinner om alle elektroniese GGO-donasies altyd duidelik in die verwysingsveld met "GGO" te merk ten einde dit van Bergsig dankoffers/bydraes te onderskei, aangesien dieselfde bankrekening vir beide tipe ontvangstes gebruik word.

Loeriesfontein Lidmaatuitreik

By die Loeriesfontein uitreik het ons kinders by die VGK Kerk die tegniese sake behartig met groot sukses.

Bergsig-uitreikhulp

Die versorgingskantoor is opsoek na 'n fiets vir 'n man wat in Morningstar woon en elke dag in Sonstraal werk.

Ons sal dit waardeer as iemand 'n fiets het wat nie meer gebruik word, of in iemand se pad staan wat ons vir die man kan skenk.

Kontak vir Liezl by die by versorging@bergsigdv.co.a vir meer inligting.

"SAVE THE DATE:" Blikskud Band

tree op tydens ons Uitreike konsert van Sa. 7 September 2024 om 19:00. Kaartjies by https://bit.ly/winkelshop teen R80 vir volwassenes en R40 vir kinders.

Kom help ons asseblief

Het jy **TYD** om die **hulpwerkers** van die seniorbediening te help? Ons het 5 minute van jou nodig per week.
Bel Andene van den Berg by
021 976 4106 / uitreike@bergsigdv.co.za

Proponent Andene & Danie Cilliers

Julle het Andene van den Berg leer ken by ons kerk vanaf verlede jaar. Sy is werksaam as uitreikekoördineerder. Sy is onlangs getroud met Danie (seun van Evert en Arina Cilliers - oud lidmate) en is nou ene Mev. Proponent Andene Cilliers. Baie geluk en vreugde vir julle.

Pieter & Christelle Truter

Eersdaags is daar 'n babatjie oppad - ons is opgewonde om Klein Pieter te ontmoet.

Pieter is die nuwe seniorjeugwerker wat by Bergsig in April aangesluit het. Hy en sy vroutjie Christelle is albei "gemeentekinders" wat hier groot geraak en kategese by Bergsig afgelê het.

Debietorders-Opdatering

Ons het die 1ste Julie oorgegaan met ons debietorders op ‘n nuwe sisteem.

Die vorige sisteem het begin probleme gee en weens die feit dat dit ou tegnologie is, is daar geen ondersteuning.

Indien daar enige probleme met jou debietorder is laat weet asseblief vir:

Finansies - Alet by finansies@bergsigdv.co.za.

Sou jy belangstel om ‘n **nuwe debietorder** te teken, is jy ook welkom om ‘n epos te stuur.

Gesinskamer

Dit het tyd geraak om die vertrek bietjie te "lig". Ons hoop ouers geniet die spasie met sy nuwe verf "baadjie".

Dankie aan Charmaine de Wet, Paulus Adonis en Joseph Maholo wat dit so mooi oorgedoen het vir die volgende bondel ouers wat deur die gesinskamer beweeg.

A-KOORD
Binnehof
Gasvryheid
Bediening

Jy is welkom om deel te raak en te help. Gee jou naam in by die teetafel as jy wil help.

Tee gratis
Filterkoffie R15
Eetgoed teen verskeie bedrae.

la leche league international
illsa.org
SOUTH AFRICA

Aandag alle swanger & borsvoedende mammas:

Soek jy ondersteuning & hulp of dalk net inligting?

Kontak my gerus direk of kom woon ons maandelikse groepsbyeenkomste by.

La Leche League leidster
Caroli Diener
083 631 6863

La Leche League is ‘n internasionale nie-winsgewende organisasie met die doel om mammas te help borsvoed deur ma-tot-ma ondersteuning, aanmoediging, inligting en opvoeding.

Groepsbyeenkomste:
Die 2de Vrydag van elke maand
09:30 - 11:30 vm

TEGNIESE SPAN

Bergsig se eredienste word bedien met vrywilligers as dit kom by die TEGNIESE span, wat klank en beeld insluit. Ons kort nog 'n paar mense om ons hiermee te help. Opleiding word gegee. Almal wat nou werk het onder begin en niks geweet nie. Die meeste mense werk net een maal 'n maand. Bel die kantoor 021 - 976 4106 / e-pos na Alida by kommunikasie@bergsigdv.co.za.

NG Kerk Durbanville-Bergsig

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

Facebook: Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

Straatadres: H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

Posadres: Posbus 479, Durbanville, 7551

Kantoor-ure: Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

scan to donate now — zapper donate with VISA and many more — www.zapper.com

Snap here to pay — SnapScan

https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527

24 uur nood vir geestelike & emosionele ondersteuning
bergsig911@bergsigdv.co.za

S33 48.966 018 39.728

Bankbesonderhede: NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810